# UITVISSING (PHISHING)

Stellenbosch University · Iyunivesithi · Universiteit
forward together · sonke siya phambili · saam vorentoe

## Wat is uitvissing?

Uitvissing is wanneer iemand hom of haar via elektroniese kommunikasie as 'n betroubare bron vermom en probeer om gebruikers te mislei om sensitiewe inligting soos gebruikersname, wagwoorde of kredietkaartbesonderhede bekend te maak.

## Uitvissing-gevaartekens:

| | |
|---|---|
| **Dringende of dreigende taal** | Uitvissingspogings skep dikwels 'n gevoel van dringendheid of gebruik dreigende taal om onmiddellike aksie te ontlok. Stellings soos 'dringende aksie nodig', 'rekening opgeskort' of 'jou rekening sal uitgevee word' kan 'n uitvissingspoging aandui. |
| **Versoeke om persoonlike inligting** | Regmatige organisasies versoek nie persoonlike inligting soos gebruikersname, wagwoorde of kredietkaartnommers via e-pos, sosiale media of ander aanlyn kanale nie. Wees versigtig vir enige versoek om persoonlike inligting. |
| **Generiese groet** | Uitvissing-e-posse kan generiese groete soos 'Beste klant' gebruik in plaas daarvan om jou by die naam te noem. Regmatige organisasies personaliseer dikwels hul kommunikasies met jou naam of ander relevante inligting. |
| **Spelfoute of taalfoute** | Uitvissing-e-posse of -boodskappe kan spelfoute, taalfoute of lomp woordkeuses bevat. Kommunikasie van regmatige organisasies is gewoonlik professioneel en bevat nie ooglopende foute nie. |
| **Verdagte skakels of aanhegsels** | Pasop vir skakels of aanhegsels in e-posse of boodskappe van onbekende of onbetroubare bronne af. Stilhang oor skakels om die werklike bestemming daarvan na te gaan, en moenie op verdagte skakels klik of aanhegsels aflaai wat jy nie te wagte was nie. |
| **Te goed om waar te wees** | Uitvissingspogings kan individue met verlokkende aanbiedinge probeer oortuig, soos 'n prys wat gewen is of 'n reuse-afslag wat aangebied word. As 'n aanbod te goed is om waar te wees, kan dit uitvissing wees. |


## Wat moet ek doen as ek 'n uitvissing-e-pos vermoed?

**Rapporteer die e-pos**

### IT-dienstoonbank




### Outlook-webweergawe




### Outlook-rekenaarweergawe




### Of vra IT vir hulp by

help@sun.ac.za

As jy enige vrae het, moenie huiwer om ons by **privacy@sun.ac.za** te kontak nie of besoek **www.sun.ac.za/privacy**

*Ontwikkel in samewerking met Mobius Consulting.* • ***Verwysing:*** *Oxford University Press.*